

Die doel van hierdie beleid is om riglyne neer te lê waarvolgens sport by Hoërskool Standerton bestuur en bedryf word.

ADMINISTRASIE:

Die administrasie van sport by Hoërskool Standerton geskied hoofsaaklik vanuit die sportkantoor. Die sportkantoor word bestuur deur die sportbestuurder en die sportkoördineerder.

1. SPORTSOORTE WAT AANGEBIED WORD:

- Atletiek
- Landloop
- Wintersportkodes:
 - Hokkie (Seuns en dogters)
 - Netbal
 - Rugby
- Gholf
- Tennis
- Krieket (Seuns en dogters)
- Skaak

2. ATLETIEK:

2.1 Byeenkomste waaraan deelgeneem word is die:

2.1.1 SHS Atletiekkampioenskappe en vriendskaplike byeenkomste:

- Datum: Die Maandag en Dinsdag van die tweede skoolweek aan die begin van 'n skooljaar. In geval van reën, kan die byeenkoms voortgesit en/of afgehandel word op die Woensdag of selfs die Donderdag.
- Inskrywings: Gedurende die eerste week van 'n nuwe jaar vergader leerlinge per ouderdomsgroep en volgens geslag, met 'n aangewese onderwyser. Leerlinge het dan die geleentheid om hulself by soveel items moontlik in te skryf vir die kampioenskap. Die uitslae van hierdie byeenkoms word gebruik om spanne te kies wat die skool tydens vriendskaplike interskole byeenkomste verteenwoordig.
- Items: Alle items wat by die Hoëveld uitnodigingsbyeenkoms aangebied word, naamlik:

ITEM	OUDERDOMSGROEPE
100 meter	Alle ouderdomsgroepe.
200 meter	Alle ouderdomsgroepe.
400 meter	Alle ouderdomsgroepe.
800 meter	Alle ouderdomsgroepe.
1500 meter	Alle ouderdomsgroepe.

3000 meter	Slegs D O/19, S O/17 & S O/19.
4 x 100 meter aflos	Alle ouderdomsgroepe.
Gewigstoot	Alle ouderdomsgroepe.
Werpskyf	Alle ouderdomsgroepe.
Spiesgooi	Alle ouderdomsgroepe.
Hoogspring	Alle ouderdomsgroepe.
Verspring	Alle ouderdomsgroepe.
Driesprong	Slegs D O/19, S O/17 & S O/19.

- Beamptes: Onderwysers en ouers van Hoërskool Standerton.
- Toekennings: Medaljes word vir elke item wat plaasvind toegeken.

2.1.2 Hoëveld Uitnodigings Atletiekbyeenkoms (Interhoër):

- Datum: Die tweede laaste Saterdag in Februarie
- Aanbieder: Die byeenkoms word op 'n roterende basis deur die volgende skole aangebied:
 - 2015: Hoërskool Secunda
 - 2016: Ligbron Akademie vir Tegnologie
 - 2017: Hoërskool Ermelo
 - 2018: Hoërskool Standerton
 - 2019: Hoërskool Volksrust
 - 2020: Hoërskool Piet Retief
 - 2021: Hoërskool Hoogenhout
 - 2022: Hoërskool Generaal Hertzog

2.1.3 PUK INTERHOËR

Die NWU bied verskeie (± 7) van hierdie byeenkomste aan. Hoërskool Standerton neem sedert 2013 daaraan deel.

2.1.4 Top 10- en/of Top 20-byeenkoms:

Hoërskool Standerton ontvang jaarliks verskeie uitnodigings na hierdie tipe byeenkomste. Hierdie uitnodigings word aanvaar in oorleg met die atletiekafrigters en met inagneming van die Akademiese program van die skool.

2.2 Oefendae en tye:

Gedurende die voorseisoen word oefendae en –tye deur die betrokke afrigter met sy/haar atlete ooreengekom.

Na die SHS Atletiekkampioenskappe, vind oefeninge op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae plaas. Oefentye word so aangepas dat 'n atleet so ver moontlik by al die oefeninge kan uitkom van die items waarvoor hy/sy gekies is om die skool te verteenwoordig.

2.3 Atlete wat vir verteenwoordigende provinsiale spanne gekies word:

Aangesien die wintersportseisoen reeds begin voor die einde van die atletiekseisoen, word atlete wat aan die Mpumalanga Junior Atletiekkampioenskappe wil deelneem alvorens hulle oorsakel na een van die wintersportkodes, aangemoedig en die geleentheid gegun om dit te doen. Onder geen omstandighede mag atlete wat hierdie opsie uitoefen, benadeel word ten opsigte van die kies wintersportspanne nie.

2.4 Atletiekkapteine:

Vir die Interhoër Atletiekbyeenkoms, ook bekend as die Hoëveld Uitnodigings Atletiekbyeenkoms, moet daar 'n seuns- en dogtersspankaptein aangwys word. Hierdie seun en dogter word aangewys deur die atletiekorganiseerder, in oorleg met die atletiekafrigters.

2.5 Reg tot deelname:

Ingeskrewe leerlinge by tradisionele voederskole in Standerton, wat as gevolg van ouderdom nie aan byeenkomste wat deur laerskole gereël word mag deelneem nie, mag in die atletiekspan van Hoërskool Standerton opgeneem word.

2.6 Spankeuses:

Die spankeuse, wat reserwes insluit, vir alle items tydens alle atletiekbyeenkomste waaraan die skool deelneem, berus uitsluitlik by die atletiekorganiseerder, die spanbestuurders en die afrigters. Indien daar A- en B-wedlope is geld dieselfde beginsel. Net so is dit die betrokke afrigters se besluit om te bepaal in watter been van 'n aflositem elkeen van die vier atlete onderskeidelik hardloop.

3. **LANDLOOP:**

3.1 Byeenkomste waaraan deelgeneem word:

3.1.1 Massa landloop:

- Datum: Eerste Vrydag van die jaar. Die mikpunt met hierdie byeenkoms, is soos die naam aandui, massadeelname. Die mikpunt is om meer as 90% van die leerlinge aan te moedig tot deelname.

3.1.2 Landloopleftiga en Interhoër:

- Datum: Hierdie byeenkomste vind gedurende die derde kwartaal plaas.

4. **WINTERSPORTKODES:**

Drie sportsoorte word hieronder geklassifiseer, naamlik: Hokkie, Netbal en Rugby.

4.1 Ligabepalings:

Daar word in twee ligareekse gespeel, naamlik:

4.1.1 Die Vaal PUKKE-reeks:

Daar is twaalf skole wat aan hierdie reeks deelneem. Ouderdomsgroepe wat betrokke is :

- O/14 A & B: Netbal en Rugby; Hokkie slegs O/14A
- O/15 A & B: Netbal en Rugby; Hokkie slegs O/15A
- O/16 A & B: Netbal en Rugby; Hokkie slegs O/15A
- O/17 A & B: Netbal

- O/19 A & B: Netbal
- 1ste & 2de spanne: Hokkie en Rugby
- Wanneer moontlik neem 'n 3de Rugbyspan en 'n 'n seunshokkiespan op 'n vriendskaplike basis deel.

4.1.2 Mpumalanga ligas:

Hoërskool Standerton poog altyd om ten minste vir die volgende ligas in te skryf:

- O/14 A & B: Netbal en Rugby; Hokkie slegs O/14A
- O/15 A & B: Netbal en Rugby; Hokkie slegs O/15A
- O/16 A & B: Netbal en Rugby; Hokkie slegs O/16A
- O/17 A & B: Netbal
- O/19 A & B: Netbal
- 3de & 4de spanne: Rugby (indien die belangstelling dit regverdig)
- 1ste & 2de spanne: Hokkie en Rugby
- Seunshokkie (2 spanne: O/16 en bo 16)

NB! Dit is die taak van elke afrigter om aan die begin van die seisoen 100% seker te maak dat al sy/haar spelers voldoen aan die ouderdomvoorskrifte vir die betrokke span waar die speler aangemeld het!

4.2 Werwing van spelers:

- Netbal- en Hokkie-afrigters word verbied om onderling spelers af te rokkel.
- Geen speler word gedwing aan enige sportsoort deel te neem nie.
- Netbal- en Hokkiespelers het die reg om van sportsoort te verander op voor-waarde dat die betrokke speler die aangeleentheid met die betrokke afrigters van beide sportkodes hanteer. Hierdie wisseling moet verkieslik voor 'n nuwe seisoen plaasvind. Dit kan egter gebeur dat 'n speler nie plek kry in 'n A-netbal-span nie, en dan wil probeer om die A-hokkiespan te haal. 'n Speler het die reg om hierdie opsie te toets.

4.3 Proewe:

- Geen skyn-, informele of formele proewe mag plaasvind voordat die Interhoër Atletiekbyeenkoms nie afgehandel is nie.
- Geen atleet, wat na die Interhoër Atletiekbyeenkoms verder aan atletiek wil deelneem, mag onder druk geplaas word om aan 'n wintersport deel te neem voor die atleet nie sy atletiekaspirasies afgehandel het nie.

4.4 Sportdrag:

- Enige sportdrag moet deur die klerekomitee van die beheerliggaam goedgekeur word voordat dit bestel word of voordat opdrag gegee word dat dit vervaardig mag word. Met sportdrag word bedoel:
 - Klere waarin spelers opdaag by 'n byeenkoms, by proewe of by 'n reeks waaraan 'n span, wat die skool verteenwoordig, deelneem.
 - Klere waarin 'n span wat die skool verteenwoordig deelneem.
 - Oefendrag wat per span aangekoop word.

- Die skool het amptelike sportdrag wat vir die hele skool geld en wat deur die beheerliggaam goedgekeur is.
- Deelnemerdrag vir die eerste hokkie- en netbalspanne:
 - Hierdie spanne het toestemming om die drag waarin hulle speel jaarliks te wysig.
 - Voorstelle in hierdie verband moet vroegtydig aan die klerekomitee van die beheerliggaam voorgelê word sodat dit betyds goedgekeur, bestel en gemaak kan word, sodat dit vir die eerste wedstryd vroeg in Maart van die volgende jaar beskikbaar kan wees.
 - Opdrag vir die vervaardiging van nuwe klere moet op 31 Oktober of vroeër gegee word.
 - Geen toestemming mag gegee word vir die vervaardiging van hierdie drag sonder die toestemming van die beheerliggaam nie.
 - Kleure wat gebruik mag word is swart, geel en wit.

4.5 Oefendae, -tye en -velde/-bane:

- Oefendae is normaalweg op Maandae, Dinsdae en Donderdae. Ter wille van personeel wat vir busvervoer verantwoordelik is en ter wille van koshuisleerlinge, is die geskikte aanvangstyd vir oefeninge 15:30. Omdat daar ten opsigte van Hokkie en Rugby beperkte oefenfasiliteite is, word oefeninge wat vroeër begin wel toegelaat.
- Dit is die dus die verantwoordelikheid van die hokkie- en rugby-organiseerders, om die velde en tye wanneer spanne oefen, in oorleg met al die afrigters vas te stel.
- Die gemiddelde oefentyd is 1½ uur per oefensessie.

4.6 Reg tot deelname:

- Hokkie-, Netbal- en Rugbyspelers wat ingeskrewe leerlinge is by tradisionele voederlaerskole in Standerton en wat as gevolg van sy/haar ouderdom nie aan wedstryde wat deur laerskole gereël word mag deelneem nie, mag in die spanne van Hoërskool Standerton opgeneem word.
- In geval van rugby is daar 'n vergunning dat 'n speler wat nie elders in Standerton aan die sport kan deelneem nie, toegelaat mag word om die skool op die rugbyveld te verteenwoordig. Dit sluit byvoorbeeld spelers in wat van die sogenaamde tuisskoolonderrigstelsel gebruik maak.
- Dit word vereis dat alle spelers wat onder bogenoemde vergunning en voorwaarde aan hierdie 3 sportsoorte deelneem, skriftelik deur die skool se sportkoördineerder of die organiseerder, by die provinsiale hoërskole bestuur verklaar sal word.
- Verder word daar vereis dat die provinsiale hoërskole bestuur die aansoek vir deelname van hierdie spelers by Hoërskool Standerton skriftelik sal bevestig. Geen speler wat dus nie 'n ingeskrewe leerder by Hoërskool Standerton is nie, mag die skool, selfs as reserwe, verteenwoordig voordat bogenoemde vergunning nie skriftelik deur die provinsiale bestuur bevestig is nie.

4.7 Aanwys van spankapteine:

- Die aanwys van 'n spankaptein is die taak van die afrigter. Waar daar van 'n buiteafrigter gebruikgemaak word, moet die personeellid wat by 'n betrokke span ingedeel is, die leiding neem ten opsigte van die aanwys van 'n kaptein in samewerking met die buiteafrigter. Indien daar nie 'n personeellid by 'n span ingedeel is nie is die aanwysing van die kaptein die plig van die sport- of kode-organiseerder in samewerking met die buiteafrigter.
- Dit is aanvaarbaar om een speler aan te wys as kaptein vir die voorseisoenreeks (soos die NWU-reeks) en 'n ander speler vir die Mpumalangeliga. Hierdie proses moet egter duidelik met die betrokke speler(s) en die span hanteer word, sodat daar nie later ongelukkigheid en tweespalt ontstaan nie. Kapteinskap kan selfs in die voorseisoenreeks afgewissel word tussen spelers.

4.8 Toere en uitstappies:

Afrigtingsklinieke en toernooie word gewoonlik reeds in die tweede helfte van die voorafgaande jaar geadverteer. Dit is dus noodsaaklik dat daar vaste reëls ten opsigte van toere na afrigtingsklinieke en toernooie by hierdie beleid ingesluit moet word.

4.8.1 Toere:

- Dit is die verantwoordelikheid van die netbal-, hokkie- en rugby-organiseerders om, in samewerking met die onderskeie afrigters, vroegtydig inskrywings vir toernooie en klinieke te doen.
- Dit is noodsaaklik dat al die inligting ten opsigte van hierdie klinieke/toere/toernooie reeds aan die einde van die vorige jaar, in die omsendbrief wat saam met die finale rapporte uitgestuur word, met ouers gekommunikeer word, sodat ouers hul persoonlike reëlings vir die Aprilvakansie asook betalings kan reël.
- Hierdie inligting moet ook in die eerste omsendbrief van 'n nuwe skooljaar weer met ouers gekommunikeer word.
- In netbal en hokkie word oefengroepe vir die 1^{ste} spanne reeds aan die einde van die vorige seisoen na proefwedstryde aangewys.
- Dit is die verantwoordelikheid van die organiseerders en afrigters van die volgende spanne, om toe te sien dat die volgende toernooie en klinieke op 'n jaarlikse basis plaasvind/aangebied word:

4.8.1.1 Netbal:

- Uit ervaring het ons geleer dat netbaltoere/-klinieke tydens die April skoolvakansie selde realiseer.
- As plaasvervanger hiervoor word daar elke jaar teen einde Februarie of vroeg in Maart, 'n afrigtingskliniek by Hoërskool Standerton vir al ons spelers en afrigters aangebied.
- Indien die afrigter van die 1^{ste} span gedurende die Aprilvakansie aan 'n ander toernooi of kliniek kan die in oorleg met die ouers van die spanlede gedoen word.

4.8.1.2 Hokkie:

- Die O/14 A-, O/15 A- en O/16 A-spanne neem elke jaar deel aan die Amajubaweek wat deur Hoërskool Volksrust aangebied word, behalwe as die meerderheid van die ouers van 'n spesifieke span daarteen besluit.

- Hierdie geleentheid word ook gebruik om aan ons afrigters en van ons leerlinge die geleentheid te gee om 'n skeidsregtersgradering te bekom.
- Die 1^{ste} span het toestemming om jaarliks aan 'n alternatiewe toernooi as die Amajubaweek deel te neem indien die afrigter dit sou verkies. Die span moet egter, behalwe as die meerderheid van die ouers van spanlede daarteen besluit, aan een of ander toernooi of kliniek deelneem.

4.8.1.3 Rugby

- Die O/14 A-, O/15 A- en O/16 A-spanne neem elke jaar deel aan die Amajubaweek wat deur Hoërskool Volksrust aangebied word, behalwe as die meerderheid van die ouers van 'n spesifieke span daarteen besluit.
- Die 1^{ste} span het toestemming om jaarliks aan 'n alternatiewe toernooi as die Amajubaweek deel te neem indien die afrigter dit sou verkies. Die span moet egter, behalwe as die meerderheid van die ouers van spanlede daarteen besluit, aan een of ander toernooi of kliniek deelneem.

4.8.2 Toergelde:

- Spelers wat gekies word vir 'n span wat tydens die Aprilskoolvakansie aan 'n kliniek of toernooi deelneem, moet so gou moontlik geïdentifiseer word.
- Die toerdatums en –gelde moet so gou moontlik aan die spelers se ouers/voogde bekend gemaak word, sodat ouers hul persoonlike vakansiereëlings asook betalings kan reël.
- Sodra die toergroep gefinaliseer is, moet 'n naamlys van die toergroep by die finansiële kantoor ingehandig word sodat inbetalings gekontroleer kan word.
- Geen speler wat nie die volle toergeld inbetaal het nie, mag op 'n toer vertrek nie, behalwe as die ouer/voog 'n SKRIFTELIKE reëling met die finansiële beampte van die skool getref het.

4.8.2 Vrywaringsvorms:

Elke speler wat deel vorm van 'n toergroep moet voor die datum van vertrek op die toer, 'n volledig voltooide en getekende vrywaringsvorm by die afrigter inhandig. Hierdie vorms is by die sportkantoor beskikbaar. Dit is belangrik dat die afrigter die span se vrywaringsvorms sal liaseer en saamneem op die toer.

4.8.3 Toerwedstryde:

Netbal-, hokkie- en rugbytoere vind gewoonlik tydens die Aprilskoolvakansie plaas. Onder geen omstandighede mag 'n span of spelers van Hoërskool Standerton op 'n Sondag of op Goeie Vrydag aan 'n wedstryd deelneem nie.

4.8.4 Dissipline:

- Dissiplinêre probleme tydens 'n toer is die verantwoordelikheid van die afrigter. Ernstige oortredings, soos vervat in die skoolreëls, moet met die heropening van die skool by die bestuurspan of skoolhoof aangemeld word vir hantering deur die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam.

- Leerlinge wat herhaaldelik aan ernstige dissiplinêre probleme by die skool skuldig was, asook spelers wat op vorige toere en uitstappies skuldig was aan wangedrag, moet nie goedsmoes toegelaat word om weer 'n toer mee te maak nie.

4.8.5 Inlywing van spelers:

- Daar het 'n "tradisie" ontstaan waartydens rugbyspelers wat vir 'n eerste keer 'n senior rugbytoer (1ste en 2de spanne) meemaak, deur senior spelers ingelyf word. Hierdie inlywing het in die verlede 'n fisiese fasset aangeneem wat as aanrading klassifiseerbaar is. Dit is die taak van die afrigter(s) wat die toer meemaak om 'n herhaling hiervan te voorkom.
- Dit is ook die taak van afrigters by ander rugbyspanne en die ander sportkodes om gedagtes in hierdie rigting onmiddellik in die kiem te smoor.
- Leerlinge wat 'n toer meemaak moet deur die afrigter van hierdie beleidspunt bewus gemaak word voordat hulle op die toer vertrek. As enige speler weier om hierby in te val mag hy/sy onder geen omstandighede die toer meemaak nie.
- 'n Speler of spelers wat hom/haar/hulle tydens 'n toer of uitstappie aan soortgelyke aktiwiteite skuldig maak, moet onmiddellik by die skoolhoof aangemeld word, sodat daar reëlings getref kan word om hierdie persoon/persone terug te kry by die ouerhuis.
- Die afrigter van die 1^{ste} rugbyspan is verplig om 'n dokument in hierdie verband, wat by die skoolhoof beskikbaar is, aan spelers en hul ouers vir ondertekening te versprei. Indien 'n speler en/of sy ouer weier om hierdie dokument te onderteken mag onder geen omstandighede die toer meemaak nie.

4.9 Eerstespanproewe vir hokkie en netbal:

- Die proewe vir die kies van 'n eerste hokkiespan en 'n eerste netbalspan vir die volgende seisoen, moet plaasvind sodra die liga- en moontlike Noordvaalverpligtinge van die voorafgaande jaar nagekom is.
- Die volgende reëlings is op hierdie proewe van toepassing:
 - Spelers van die volgende ouderdomsgroepe mag na die proewe genooi word:
 - O/15 (met ander woorde spelers wat in die volgende seisoen O/16 sal wees)
 - O/16
 - O/17
 - O/18
 - Indien 'n O/14-speler (volgende seisoen O/15) se vaardighede en talente, asook haar emosionele volwassenheid, haar in staat stel om aan 'n eersteligakompetisie deel te neem, mag so 'n speler ook na die proewe genooi word. So 'n uitnodiging na eerstespanproewe moet egter vooraf met die ouer(s) van die leerling bespreek word en die ouer(s) moet toestem dat sy aan die proewe mag deelneem. Geen speler mag deur die volgende seisoen se eerstespanafrigter, of enige ander persoon wat aan die skool verbonde is, gedwing of onder druk geplaas word om aan die proewe deel te neem nie OF om NIE aan die proewe deel te neem nie.

- Spelers moet vroegtydig deur middel van afkondigings genooi word. "Bulk smsé" kan gebruik word op voorwaarde dat dit nie individueel aan 'n speler/spelers gestuur word nie.
- Slegs twee O/14-spelers (volgende seisoen O/15) en twee O/15-spelers (volgende seisoen O/16), mag na die eerstespan opgetrek word.
- 'n Speler wat in die volgende seisoen nog op O/16- en O/17-vlak (laasgenoemde is slegs op netbal van toepassing) kan meeding, mag slegs na die eerste span opgetrek word indien haar vaardigheid en talent haar absoluut onvervangbaar in die eerste span maak. So 'n speler mag dus slegs op die plaasvervangerbank wees indien sy beseer raak.

4.10 Provinsiale proewe vir hokkie en netbal:

- Indien daar vir die kies van provinsiale spanne, per ouderdomsgroep proewe gehou word, neem die spelers van daardie spesifieke ouderdomsgroep outomaties deel aan die proewe.
- Indien daar, as voorbeeld, nie O/14-proewe is nie, maar wel O/15-proewe, moet daar voor die provinsiale O/15-proewe 'n interne proefwedstryd gereël word om begaafde O/14-spelers die geleentheid te bied om aan die provinsiale proewe deel te neem. In so 'n geval sal die skool dus by die proewe deur 'n gekombineerde span waarin daar O/14- en O/15-spelers kan wees, verteenwoordig word. Dieselfde geld vir die provinsiale O/16-proewe.
- Indien daar, byvoorbeeld, provinsiale proewe vir die kies van 'n O/16-span gehou word, en daar is O/16-spelers van die skool se eerstespan, moet daar weereens proewe gehou word sodat die skool by die O/16-provinsiale proewe deur O/14-, O/15-, O/16- en eerstespanspelers verteenwoordig kan word.
- Spelers moet dus in spanverband by proewe aanmeld. Geen speler mag by proewe opdaag en as individue by spelers van ander skole ingedeel word nie. Hierdie spelers word benadeel omdat daar van hulle verwag word om by die mengsel van spelpatrone van verskeie ander skole in te skakel.

4.11 Aanwys van afrigters

- Die aanwys van afrigters vir die volgende seisoen is die taak van die skoolhoof.
- Hierdie proses moet so gou moontlik plaasvind sodra alle ligaverpligtinge van 'n betrokke jaar afgehandel is. Dit moet egter verstaan word dat indien daar afrigters is wat nie vir die volgende seisoen as afrigter beskikbaar sal wees nie, die aanwys van afrigters verdrag kan word sodat daar eers plaasvervangers vir vertrekkende onderwy-sers gesoek en aangestel moet word.
- Die skoolhoof het die reg om te bepaal wie betrek moet word by die besluitnemingsproses oor die aanwys van afrigters. Die hele span afrigters kan dus onder die leiding van die skoolhoof saam besluit wie watter span sal afrig. Die skoolhoof kan ook eensydig optree in hierdie verband.

4.12 Buiteafrigters

- Elke afrigter het die reg om vir hom/haar 'n buiteafrigter(s) te identifiseer.
- Voordat 'n persoon egter formeel aangestel kan word om met afrigting te help:

- moet die sportkode se organiseerder asook die sportkoördineerder dienooreen-komstig ingelig word, aangesien daar aan die einde van die seisoen honoraria aan buite-afrigters uitbetaal word – die aanstel van buite-afrigters het dus finansiële implikasies.
- moet die skoolhoof in kennis gestel word omdat hy die aanwys van buiteafrigters bekragtig.
- Die aanstel van buiteafrigters moet altyd met groot omsigtigheid gedoen word. Die volgende beginsels moet deurgaans in gedagte gehou word:
 - dat die aanstel van 'n buite-afrigter by 'n span waar sy/haar kind of 'n broer of suster speel, nie altyd die ideaal is nie omdat enige ouer of familielid objektiwiteit verloor as sy kind of 'n bloedverwant betrokke is – dit kan vir die kind positiewe of negatiewe gevolge inhou.
 - dat die vaardighede van die buite-afrigter en die vaardighede van die onderwyser-afrigter mekaar moet komplimenteer. Voorbeeld: Dit sal teenproduktief wees indien daar twee voorspelerafrigters by die selfde rugbyspan aangestel word.
 - die persoonlikhede van die onderwyserafrigter en die buite-afrigter(s) versoenbaar moet wees.
- Daar word altyd van die buite-afrigter(s) verwag word om opvoedkundig korrek op te tree.
 - Kru taalgebruik is byvoorbeeld nie net vir die onderwyserafrigter taboe nie.
 - Gehoorsaamheid aan die skoolreëls bly 'n prioriteit, al is 'n span byvoorbeeld tydens 'n toer onder beheer en toesig van 'n buite-afrigter.
- Die onderwyserafrigter bly altyd oorkoepelend verantwoordelik vir die volgende:
 - Die oefenwyse en –program, die spelpatroon en taktiek wat in 'n wedstryd gevolg word, tensy hierdie plig spesifiek met die skoolhoof, die sportkode se organiseerder en die sportkoördineerder, asook met die buite-afrigter(s) bespreek en aan hom/hulle oorgedra is.
 - Die finale spankeuse(s).
 - Die aanwys van die spankaptein(e).
 - Spandisipline.
 - Individuele dissiplinering van spelers.
 - Alle organisatoriese en administratiewe verpligtinge.
 - Bepaling van alle oefentye.
 - Kontrole van die korrekte ouderdomme van spelers.
 - Die opstel van spanlyste met geboortedatums vir elke wedstryd.

LW – Al bogenoemde kan logies in oorleg met die buite-afrigter(s) gedoen word.

4.13 Ligas waarin spanne speel

4.13.1 Hokkie:

- Hoërskool Standerton se A-hokkiespanne vir dogters speel almal in die liga vir groot skole.
- Hoërskool Standerton se A-hokkiespanne vir seuns speel almal in die liga vir groot skole.

4.13.2 Netbal:

- Hoërskool Standerton se A-netbalspanne speel almal in die A1-liga.

- Hoërskool Standerton se B-netbalspanne speel almal in die B1-liga.

4.13.3 Rugby:

- Hoërskool Standerton se rugbyspanne speel almal in die liga vir groot skole soos bepaal deur die konstitusie van die Noordvaal reeks. Indien die konstitusie in die toekoms verander, sal die aanpassing ten opsigte van hierdie beleidsdokument gemaak word indien nodig.

4.14 Vriendskaplike rugbywedstryde:

- Die veiligheid van spelers is hier die oogmerk. 'n Speler wat beseer raak in 'n wedstryd waar 'n skoolspan teen 'n span met ouer spelers speel, kan eise met groot finansiële gevolge vir die skool, die skoolhoof en die beheerliggaam inhou.
- Vriendskaplike rugbywedstryde moet dus in oorleg met die sportkoördineerder en die skoolhoof gereël word.
- Omdat rugby 'n kontak sport is, mag 'n rugbyspan slegs 'n vriendskaplike wedstryd speel teen 'n span van 'n ooreenstemmende ouderdomsgroep.
- 'n Senior skoolspan mag nie teen 'n span speel waarin daar selfs net een volwasse speler (onder 20 en ouer) is nie.

4.15 Ouerkomitees:

- Dit is skoolbeleid om vir elke O/14-, O/15- en O/16-hokkie-, netbal- en rugbygroep, asook vir die senior spanne gesamentlik, 'n ouerkomitee aan te wys. 'n Ouerkomitee bestaan uit drie (3) lede, naamlik 'n sameroeper en nog twee (2) lede.
- Die sameroeper van die 1^{ste} span van 'n spesifieke sportkode, tree ook op as sameroeper van die gesamentlike ouerkomitee ten opsigte van reëlins vir die afsluitingsfunksie.
- Hierdie komitees kan verkies word tydens die afsluitingsfunksie wat jaarliks in September of Oktober vir hierdie sportkodes gehou word, mits die ouerverteenwoordiging op die funksie dit regverdig.
- Indien bogenoemde nie moontlik is nie, of om een of ander rede nie plaasvind nie, moet die kode-organiseerder, in samewerking met die onderskeie afrigters, sou gou moontlik in die skooljaar, selfs voor die eerste formele oefening, toesien dat 'n ouerkomitee vir elke ouderdomsgroep verkies word. Die prosedure is dan as volg:
 - Stap 1: Elke speler ontvang 'n nominasiebrief wat hy/sy aan sy/haar ouer/voog moet oorhandig sodat laasgenoemde 'n maksimum van drie (3) nominasies kan doen. Ter wille van tyd word daar geen sekonderings vereis nie.
 - Stap 2: Voltooide nominasievorms word teruggestuur na die afrigter vir hantering.
 - Stap 3: Indien daar meer as drie genomineerde ouers is word 'n stembrief opgestel en elke speler ontvang 'n stembrief wat hy/sy aan sy/haar ouer/voog moet oorhandig sodat laasgenoemde vir 'n maksimum van drie (3) genomineerdes kan stem.
 - Stap 4: Stembriewe word teruggestuur na die afrigter vir die tel van die stemme. Indien daar ewe veel stemme vir die derde posisie op die komitee uitgebring word, word al twee of drie ouers met dieselfde stemtotaal geag as lede van die betrokke ouerkomitee.

- Stap 5: Die afrigter roep skriftelik 'n vergadering vir al die verkose komitee-lede, asook alle belangstellende ouers van die betrokke ouderdomsgroep, om 'n komiteevoorsitter aan te wys. Hierdie vergadering kan dan ook as 'n organiseringsvergadering gebruik word.
- Stap 6: 'n Skrywe word aan alle ouers van leerlinge wat aan wintersport deelneem gestuur vir kennisname. Volledige kontakbesonderhede moet op hierdie wyse aan ouers beskikbaar gestel word. Die beheerliggaamslid wat as voorsitter van die sportkomitee dien, moet ook hierdie inligting ontvang. Die volgende inligting moet ook aan ouers deurgegee word:
 - Pligte van die ouerkomitee.
 - Gedragskode vir afrigters.
 - Gedragskode vir beamptes en skeidsregters.
 - Gedragskode vir ouers.
- Pligte van die ouerkomitees:
 - Skakeling met die spesifieke sportkode se organiseerder.
 - Skakeling met die skoolhoof.
 - Skakeling met die afrigter ten opsigte van organisatoriese aangeleenthede. Hierdie skakeling mag nie spankeuses en die afrigting as sulks insluit nie
 - Verkryging van spanborge vir byvoorbeeld toksakke, oefendrag, ensovoorts.
NB! Slegs 1^{ste} spanne word toegelaat om byvoorbeeld 'n spesiale baadjie te dra en dan slegs op dae waarop ons aan die betrokke sportkode deelneem. Hierdie klere-items moet deur die klerekomitee van die beheerliggaam goedgekeur word voordat daar vir 'n vervaardiger dienooreenkomstig opdrag gegee word.
 - Verkryging van borge om dit vir spelers wat vir 'n toer gekies word, moontlik te maak om die toer mee te maak.
 - Om ouers wat hulle skuldig maak aan die oortreding van die gedragskode vir ouers aan te spreek.
 - Hulp met die organisasie rondom die afsluitingsfunksie.
 - Om afrigters wat hulle skuldig maak aan die oortreding van die gedragskode vir afrigters by die koördineerder van die spesifieke sportkode of by die skoolhoof aan te meld.
 - Hulp aan behoeftige leerlinge ten opsigte van toerusting byvoorbeeld toks, hokkiestokke, mond-/kopskerms, ensovoorts.
 - Hulp ten opsigte van hekdiens tydens sportbyeenkomste wat ons aanbied, met ander woorde ten opsigte van toegangbeheer.

5. Gholf:

- Die aantal spanne wat vir die liga ingeskryf word, word bepaal deur die aantal beskikbare spelers.
- Die liga waarvoor die spanne ingeskryf word, word bepaal deur die spelpeil van die spelers in elke betrokke span.
- Die geslag van spelers speel geen rol in die kies van spanne nie.

6. Tennis:

- Die aantal spanne wat vir die liga ingeskryf word, word bepaal deur die aantal beskikbare spelers.
- Die liga waarvoor die spanne ingeskryf word, word bepaal deur die spelpeil van die spelers in elke betrokke span.
- Daar word onderskei tussen dogters- en seunsspanne.
- Die tennis neem deel aan die Hoëveldliga. Dit sluit in al die omliggende skole wat tennis aanbied as sport. Spanne wat hierdie liga wen, dring deur na 'n volgende rondte en kan uiteindelik die Mpumalanga-liga wen.

7. Krieket:

- Die volgende spanne word vir die liga ingeskryf:
 - Seuns:
 - O/14
 - O/15
 - 1ste en 2de spanne
 - Dogters:
 - 1ste span
- Na afloop van die normale liga, word daar ook 'n Super-20 liga gespeel.
- Die verkiesing van ouerkomitees is ook op krieket van toepassing.

8. 7's Rugby:

- Die 7's vind in die derde en moontlik ook in die vierde kwartaal plaas.
- Een span van 10 spelers word in die veld gestoot.
- Spelers moet O/16 of ouer wees.
- Slegs 1 onderwyser word afgestaan vir die afrigting van die span.
- Die afrigters van hierdie span mag onder geen omstandighede seuns wat belangstel om krieket te speel, afrokkel na die 7's rugby nie.

10. Gedragskodes

10.1 Gedragskode vir spelers:

- ❖ Ken die reëls en speel volgens die reëls.
- ❖ Moet nooit met 'n skeidsregter of beampte stry oor 'n beslissing nie. Vra die kaptein, die afrigter of spanbestuurder om op 'n gepaste tydstip tydens of na die kompetisie of wedstryd met die skeidsregter of beampte te gesels.
- ❖ Probeer te alle tye om jou humeur te beheer. Kwetsende opmerkings teenoor 'n opponent of die skeidsregter of beampte is onaanvaarbaar en sal nie toegelaat word nie.
- ❖ Fokus in 'n spansport op die voordeel vir die span – jou eie voordeel sal 'n logiese gevolg wees!
- ❖ Handhaaf deurentyd goeie sportmanskap. Erken goeie prestasie of spel van jou opponent en van jou spanmaats.
- ❖ Gee jou volkome samewerking aan jou afrigter, jou kaptein en jou spanmaats.

- ❖ Onthou dat dissipline ten opsigte van oefeninge en van kompetisies of wedstryde, geweldig belangrik is vir sukses en vir jou persoonlike ontwikkeling.
- ❖ Onthou altyd dat deelname aan sport eerstens ten doel het om deur jouself geniet te word.

10.2 Gedragskode vir afrigters:

- ❖ Ken die reëls en rig af daarvolgens, met ander woorde, leer u spelers om deel te neem volgens die reëls van die spel.
- ❖ Bly op die hoogte met nuwe ontwikkelings en reëls van die spel.
- ❖ Onthou altyd dat kinders se deelname aan sport eerstens ten doel het om deur hulle geniet te word. Wen is dus nie die uitsluitlike motief nie!
- ❖ Moet nooit op 'n kind wat u afrig skreeu of hom verneder nie.
- ❖ Wees realisties ten opsigte van die vereistes en mikpunte wat u stel.
- ❖ Wees regverdig by die kies van spanne – moenie dat 'n onaangename situasie in die klaskamer of konfrontasie met 'n ouer, u spankeuse beïnvloed nie.
- ❖ Moenie te veel druk op enige speler, ook die talentvolstes, plaas om te presteer nie.
- ❖ Ontwikkel by dié wat u afrig respek vir die oordeel van beamptes en skeidsregters, asook vir die afrigters van die opponente.
- ❖ Lê voortdurend klem op goeie sportmangees en die aanleer van basiese vaardighede om in die spesifieke sportsoort sukses te behaal.

10.3 Gedragskode vir beamptes en skeidsregters:

- ❖ Ken die reëls van die sport waarin u as beampte of skeidsregter optree so goed as moontlik.
- ❖ Bly op die hoogte van die jongste ontwikkelings en die nuutste reëls van elke sportsoort waar u as beampte of skeidsregter optree.
- ❖ Skep geleenthede sodat u die teorie van die reëls en die praktiese situasie op die speelveld so na moontlik aan mekaar kan bring.
- ❖ Wees konsekwent en regverdig met u beslissings en probeer om altyd meer van die sportsoort se besondere dinamike te wete te kom.
- ❖ Lê klem op goeie sportmanskap en op deelname binne die reëls van die spel, eerder as om gedurig foute uit te wys.
- ❖ Betoon self goeie sportmanskap.
- ❖ Wees te alle tye betroubaar en betyds.

10.4 Gedragskode vir ouers:

- ❖ Onthou altyd dat u kind(ers) se deelname aan sport eerstens ten doel het om deur hulle geniet te word. Wen is dus nie die uitsluitlike motief nie!
- ❖ Kinders moet aangemoedig word om aan sport deel te neem!
- ❖ Fokus op u kind se toewyding en die kwaliteit van sy deelname eerder as op wen of verloor.

- ❖ Leer u kind om die beslissing van beamptes en skeidsregters te aanvaar en stel die voorbeeld.
- ❖ Leer u kind om sy opponent, sy spanmaats en sy en die opponent se afrigter te respekteer.
- ❖ Moet nooit op u kind of 'n spanmaat skreeu of hom verneder nie.
- ❖ Wees realisties ten opsigte van die vereistes en mikpunte wat u aan u kind stel.
- ❖ Erken goeie spel deur alle spelers en goeie beslissings deur skeidsregters en beamptes.
- ❖ Moet nooit tydens 'n wedstryd of kompetisie met die beslissing van 'n beampte of skeidsregter inmeng nie – dit help tog nie!
- ❖ Moet nooit die spankeuse van 'n afrigter voor u kind bevraagteken nie.
- ❖ Toon waardering vir die opoffering van afrigters, skeidsregters en beamptes, eerder as om hul optrede te bevraagteken – baie van hulle word dikwels verplig om hierdie taak teen sy wil te verrig.